**Voorlegging Mosselbaai Munisipaliteit: 30 Oktober 2022 – 10H30vm**

**JOHAN GRABE**

**Goeie more dames en here ek is Johan Gräbe voorsitter van die Mosselbaai Grondeienaars Vereeniging. Graag stel ek Annalie en Nico die ondervoorsitter  van Mosselbaai Grondeienaars Vereeniging aan u voor......**

**Baie dankie vir hierdie spesiale geleentheid om die Mosselbaai Grondeienaars Vereeniging aan die Mosselbaai Munisipale Raad voor te kan stel. Die laaste ding wat die Mosselbaai Grondeienaars Vereeniging wil doen is om in konflik met die Mosselbaai Munisipaliteit te gaan dit breek net verder verhoudings af.**

**My opinie en gevolgtrekkings oor die staat se sake van vandag in RSA. Met 10 jaar studies en ondervinding in die munisipale en sentrale owerheid bestuur in Johannesburg en Pretoria voor 1994. Vandag 26 Jaar later is daar na my mening en ervaring bitter baie probleme met die nuwe en huidige munisipale setsels van Suid Afrika op die gemeenskap geforseer vanaf 1996 tot 2002. Politieke kaarte is opgetrek om stemme te maksimaliseer in die arias; waar dienslewering kaarte opgetrek moes word met die oog op doeltreffende en effektiewe bestuur van die gemeenskappe.**

**Ons is dus hier om te help bou aan 'n beter toekoms eerder as om te kritiseer en verder af te breek. Presedent Cyril  Ramaphosa het die afgelope maande op meer as twee geleenthede erken dat daar probleme in die Munisipale sektor is. In sy eie woorde "WE MUST GO BACK TO THE DRAWINGBORD REGARDING HOW WE MANAGE MUNICIALITIES IN RSA".**

**Die MGEV hoor die woorde van Presedent Cyril  Ramaphosa ons antwoord daarop is, President Cyril Ramaphosa ons hier in Mosselbaai is gereed om te help met die probleme van die Munisipale sektor gee ons die kans daarvoor asseblief.**

**Annalie gaan die stigtings doel van die MGEV met u deel. Uit ons oogpunt die probleme wat ons tans sien asook moontlike oplossings waar die MGEV hulp wil aanbied.......Niko gaan slegs drie punte met u bespreek oor moontlike projekte waar die MGEV kan betrokke raak om die gemeenskap en werkskepping te ontwikkel.**

**STADIG ONTHOU DIE TOLKE**

**Annalie en Nico sal in totaal nie meer as 15 minute van u tyd in beslag neem nie. Sodra Annalie en Nico klaar is sal ek enige vrae wat u mag hê beantwoord.**

**ANNALIE JY IS AAN DIE WOORD BAIE DANKIE.**

## ANNALIE GRABE

**i) Wie is MGEV:**

Die Mosselbaai Grondeienaars Vereniging stel dit ten doel om die karakter, natuurskoon en natuurlike hulpbronne binne die Munisipale Gebied van Mosselbaai te beskerm. Hierdie doelstelling sal in noue samewerking met alle Plaaslike Owerhede nagestreef word ten einde te verseker dat die beste belang van die gemeenskap bevorder en beskerm word. Die beste belang van die gemeenskap sluit in dat sake waarby die gemeenskap n wesenlike belang het op n deursigtige, ekonomies doeltreffende en verantwoordbare wyse hanteer word.

Mosselbaai Grond Eienaars Vereniging (MGEV) is 'n nie-politiese, onafhanklike groep grond eienaars in Mosselbaai wat bekommerd is oor die toestand en welstand van Mosselbaai Munisipaliteit (MBM / MOSMUN). Politiek in die Munisipaliteite van Suid Afrika het ons land verwoes. Die enigste pad na herstel is om politiek in munisipaliteite te bestuur, en om die verantwoordelikhede van die voorstede en dorpe met die mense te deel.

MGEV verteenwoordig eienaars wat besorgd is oor die algehele georkestreerde verval onder munisipaliteite, die verkrummeling van staatsektore. Dis ‘n aanslag van buite op ons “soewereine bestuur”. MGEV is egter vas oortuig dat Mosselbaai Munisipaliteit wel een van baie min munisipaliteite is wat goed bestuur word en nog volhoubaar gered kan word. ‘n Baken van hoop in ‘n wêreld wat drasties verander en met enorme onsekerhede gekonfronteer word. Per definisie die ware “Great Escape”.

**ii) Amptenare**

Amptenare is slagoffers van ‘n stelsel, wat ontwerp is om oor ‘n tydperk of periode die stelsel self te verwoes.

Die staat hou sekere norme en sogenaamde aanvaarbare praktyke voor, wat nie volhoubaar is nie. Dit skep meer ‘n afhanklikheidsmodel wat tot totale ondergang lei.

### iii) Struikelblok

Die 1ste groot struikelblok begin by die sentralisering van baie funksies en sektore bv. Kleiner munisipaliteite wat ingelyf is by een groot geheel.

‘n Model wat oor die afgelope paar jaar voorgehou word is die Distriks Ontwikkelings Model (DOM) / “District Development Model (DDM)”, wat nasionale figure as Distrikskampioene in munisipaliteite voorstel, ‘n makro model wat fokus op sentralisering.

Die MGEV voel egter dat deur die Geïntegreerde Ontwikkelings Plan (GOP) \ “Integrated Developemnt Plan (IDP)”, ‘n meer lewensvatbare model is aangesien dit op plaaslike en gemeenskaps vlak opereer, ‘n mikro model. Indien die gemeenskap betrek kan word met die bestuur van die probleme en behoeftes kan baie van die probleme vining opgelos word.

### iv) Selfbestuur Forums

Dir is ‘n vereniging van lede met ‘n gemeenskaplike doel om verantwoordelikheid op te neem vir hul omgewing. Deur Selfbestuur Forums kan wyksraadslede bygestaan word. Dit kan nouer samewerking en ondersteuning tot munisipale dienslewering tot stand bring. Geregverdigde verteenwoordiging wat elke Selfbestuur Forum se unieke probleme aanspreek.

‘n Voorgestelde illustrasie van moontlike Selfbestuur Forums kan die volgende inlsuit:

1. Gouritz Dorp - Voorgestelde Kaart Aangeheg
2. Gouritz Plase - Voorgestelde Kaart Aangeheg
3. Kanon - Voorgestelde Kaart Aangeheg
4. Johnson's Post - Voorgestelde Kaart Aangeheg
5. Buffelsfontein Plase - Voorgestelde Kaart Aangeheg
6. Kleinberg Plase - Voorgestelde Kaart Aangeheg
7. Vleesbaai - Voorgestelde Kaart Aangeheg
8. Boggomsbaai - Voorgestelde Kaart Aangeheg
9. Springerbaai - Voorgestelde Kaart Aangeheg
10. Nautilusbaai - Voorgestelde Kaart Aangeheg
11. Petro SA - Voorgestelde Kaart Aangeheg
12. Moquini Landgoed - Voorgestelde Kaart Aangeheg
13. Mossdustria - Voorgestelde Kaart Aangeheg
14. ReedValley Plase - Voorgestelde Kaart Aangeheg

15. Danabaai - Voorgestelde Kaart Aangeheg
16. Pinnacle Point Landgoed - Voorgestelde Kaart Aangeheg
17. Mosselbaai Remainder - Voorgestelde Kaart Aangeheg
18. Heiderand - Voorgestelde Kaart Aangeheg
19. Village On Sea - Voorgestelde Kaart Aangeheg
20. Mosselbaai Golf Estate - Voorgestelde Kaart Aangeheg
21. Mosselbaai Sentraal - Voorgestelde Kaart Aangeheg
22. Mosselbaai Die Skiereieland Die Punt - Voorgestelde Kaart Aangeheg
23. Mosselbaai Santos De Bakke - Voorgestelde Kaart Aangeheg
24. Da Nova - Voorgestelde Kaart Aangeheg
25. D'Almeida - Voorgestelde Kaart Aangeheg
26. Fairview - Voorgestelde Kaart Aangeheg
27. Isazane - Voorgestelde Kaart Aangeheg
28. Isinyoka - Voorgestelde Kaart Aangeheg
29. Boplaas - Voorgestelde Kaart Aangeheg
30. Mosselbaai Uitbreiding 26 - Voorgestelde Kaart Aangeheg
31. Kwanonqaba - Voorgestelde Kaart Aangeheg
32. Kwanonqaba Uitbreiding 1 - Voorgestelde Kaart Aangeheg
33. N2 Industrial - Voorgestelde Kaart Aangeheg
34. Boland Park - Voorgestelde Kaart Aangeheg
35. Diaz Strand - Voorgestelde Kaart Aangeheg
36. Diaz Industria - Voorgestelde Kaart Aangeheg
37. Vakansie Plaas - Voorgestelde Kaart Aangeheg
38. Island View - Voorgestelde Kaart Aangeheg
39. Voorbaai - Voorgestelde Kaart Aangeheg
40. Aalwyndal - Voorgestelde Kaart Aangeheg
41. Num Num - Voorgestelde Kaart Aangeheg
42. Seemeeu Park - Voorgestelde Kaart Aangeheg
43. Bay View - Voorgestelde Kaart Aangeheg
44. Innikol, Deonville Park en Fonteine Park - Voorgestelde Kaart Aangeheg
45. Menkenkop - Voorgestelde Kaart Aangeheg
46. Hartenbos - Voorgestelde Kaart Aangeheg
47. Hartenbos Die Heuwels - Voorgestelde Kaart Aangeheg
48. Hartenbos Oewer Oorde - Voorgestelde Kaart Aangeheg
49. Sonskynvallei - Voorgestelde Kaart Aangeheg
50. Monte Christo - Voorgestelde Kaart Aangeheg
51. Brandwag - Voorgestelde Kaart Aangeheg
52. Outeniqua Bosch - Voorgestelde Kaart Aangeheg

53. Hartland - Voorgestelde Kaart Aangeheg
54. Riverside - Voorgestelde Kaart Aangeheg
55. Klein Brak Rivier - Voorgestelde Kaart Aangeheg
56. Fraaiuitsig - Voorgestelde Kaart Aangeheg
57. Reebok - Voorgestelde Kaart Aangeheg
58. Tergniet - Voorgestelde Kaart Aangeheg
59. Vogelsang - Voorgestelde Kaart Aangeheg
60. Suiderkruis - Voorgestelde Kaart Aangeheg
61. Grootbrak De Dekke - Voorgestelde Kaart Aangeheg
62. Grootbrak Dorp - Voorgestelde Kaart Aangeheg
63. Grootbrak Groenkloof Estate - Voorgestelde Kaart Aangeheg
64. Rheebok Industries - Voorgestelde Kaart Aangeheg
65. Grootbrak Greenhaven - Voorgestelde Kaart Aangeheg
66. Grootbrak Wolwedans - Voorgestelde Kaart Aangeheg
67. Grootbrak Plotte - Voorgestelde Kaart Aangeheg
68. Grootbrak Lagoondale - Voorgestelde Kaart Aangeheg
69. Grootbrak Die Eiland - Voorgestelde Kaart Aangeheg
70. Grootbrak Dolphins Creek Golf Estate - Voorgestelde Kaart Aangeheg
71. Grootbrak Hersham - Voorgestelde Kaart Aangeheg
72. Bothastrand - Voorgestelde Kaart Aangeheg
73. Dwarswegstrand - Voorgestelde Kaart Aangeheg
74. Outeniqua Strand - Voorgestelde Kaart Aangeheg
75. Glentana - Voorgestelde Kaart Aangeheg
76. Jonkersberg Plase - Voorgestelde Kaart Aangeheg
77. Botlierskop Plase - Voorgestelde Kaart Aangeheg
78. Friemersheim - Voorgestelde Kaart Aangeheg
79. Brandwacht en Hartenbos Plase - Voorgestelde Kaart Aangeheg
80. Ruitersbosch - Voorgestelde Kaart Aangeheg
81. Ruitersbosch Bosbou - Voorgestelde Kaart Aangeheg
82. Ruitersberg tot by Moederskop Plase - Voorgestelde Kaart Aangeheg
83. Herbertsdale - Voorgestelde Kaart Aangeheg

Die MGEV beywer hul om ‘n skakel persoon in elk van hiedie voorgestelde buurte of areas te werf om in samewerking met die munisiplaiteit hul eie unieke probleme aan te spreek.

**v) Dispuut**

Die Mosselbaai Munisipaliteit het in gebreke gebly om hul belasting tariewe af te kondig (te promulgeer soos voorgeskryf deur staatskoerant / wetgewing) vir 7 jaar nl 2006,

2007, 2008, 2009, 2011, 2012 en 2013. Dit bring mee dat die inwoners van Mosselbaai ‘n dispuut ter waarde van ongeveer R365 miljoen kan verklaar met betrekking tot die 7 jare se tariewe, volgens die finansiële state. Dit moet geverifieer word.

DIE MGEV wil hierdie dispuut gebruik as ‘n medium tot samewerking of dringende dienslewering. Dit moet eerder in die lig van ‘n brug tussen die gemeenskap en die munisipaliteit beskou word en nie as ‘n negatiewe refleksie nie.

**vi) Uitdagings**

Enkele voorbeelde:

a) Die ontwikkeling in Kwanonqaba. Die behuisingsprojek staar ‘n moontlike kontrakbreuk boete / koste van bv. +/- R8 miljoen in die gesig, die skade met die vernielsigtige optogte en ontevredenheid het +/- R10 miljoen beloop. Die provinsiale owerheid staan in maar die gelde moet terugbetaal word. Weereens kom die kostes uit fondse wat vir die breër gemeenskap aangewend moes word.

b) Die agteruitgang van Mosselbaai Sentrale Besigheids Distrik. Haweloses wat enige plek as toilet gebruik, die besighede wat uitwyk asook die veiligheid rondom die taxistaanplek agter die Shelter.

c) Weggooibabas bly ‘n teer aangeleentheid. Male sonder tal lees ons van hierdie hartseer situasie. ‘n Enkele aspek van ‘n aantal maatskaplike probleme.

d) Ter stigte Waterkomitee sal die Mosselbaai Munisipaliteit nader met moontlike voorstelle betreffend die Waste water treatment works (WWTW) / Riool watersuiweringsaanlegte.

e) Beurtkrag. Is daar moontlike oplossing in vooruitsig? Besighede lei groot verliese. Nog werksgeleenthede wat in die slag bly soos nog besighede in die proses besig is om hul deure te sluit.

f) Onwettige krag aansluitings bly ‘n groot bron van kopseer, verliese vir die munisipaliteit asook ‘n onveilige omgewing.

**NICO DE KOCK**

**vii) Moontlike oplossings via Projekte in terme van publieke deelname deur Selfbestuur Forums**

a) Voorstel van ‘n Plaas. Die plaas kan aangewend word vir opleiding (bv. Landbou en verskeie ambagte) asook om middelafhanklikes te “droog” en haweloses te huisves. In ruil vir arbeid, dien dit as ‘n plek van veiligheid wat dien as rehabilitasie en hervestiging. Die gesuiwerde riool water van WWTW, kan moontlik hier aangewend word. Die water kan ook verder versprei word na kommersiele boere in die omgewing of gesamentlike landbou projekte. Begin met byvoorbeeld verbouing van groente en vrugte, of selfs lusern produksie vir die karoo boere. Die plaas moet selfonderhoudend wees uit opbrengste, sodat kapitaal terugbetaal kan word. Die Landbank het weer begin met “blended financing”. Dit bied ‘n toelaag / “grant” asook ‘n lening / “loan” wat van groot hulp sal wees vir die ontwikkeling van hierdie gemeenskaps ontwikkelingsprojekte.

b) Kragtoevoer netwerk of alternatief tot Eskom? Sonkrag? Branderkrag? Windkrag? Kostes teenoor dieselkoste van Gouriqua se dieselterbunes.

Bogenoemde projekte kan Korporatiewe Sosiale Verantwoordbaarheid teenoor die gemeenskap verseker. Werkskeppings projekte vir plaaslike inwoners, rehabilitasie projek vir middelafhanklikes en ontworteldes en self opleidingsentrum vir mense met behoefte aan ambagte vir kwalifikasie of ondervinding.

**viii) MEGS**

Met dit word bedoel – Moniteer, evalueer, bestuur en volhoubaarheids analise (Monitor Evaluate Governance Sustainability Analysis) vir alle bedrywighede en projekte. Dit is waarby die MGEV voel hulle deur die Selfbestuur Forums nou betrokke wil wees vir wedersydse deursigtigheid en die ontwikkeling van volhoubare vertroue.

**ix) Afsluiting**

Baie dankie vir die geleentheid om ons aan u bekend te stel asook ons visie met u te kon deel. Indien u voel dat daar meer inligting benodig word of dieper gesprekke gevoer moet word versoek ons u om asseblief die vrymoedigheid te neem om met ons kontak te maak. Epos versoek kan gerig word aan admin@mgev.co.za.

Ons vertrou van harte dat hierdie die begin mag wees van ‘n suksesverhaal wat sal ontwikkel soos wedersydse vertroue gebou word en die behoeftes aangespreek word.